VINNIGE VRAE

aan Andries Bezuidenhout

Het jy 'n hoekie of vertrek in jou huis of elders waar jy verkies om te sit en skryf? Ek het een van die kamers in ons huurhuis in Alice as 'n soort ateljee ingerig. Ek skryf en skilder hier, maar neem ook musiek op en meng klank. Dis nie 'n groot of luukse kamer nie, maar as ek die gordyne ooptrek, het ek 'n uitsig oor die Amatholeberge.

Moet dit stil wees waar jy skryf? Of moet daar byvoorbeeld musiek in die agtergrond speel? Ons woon op die dorp se soom, langs koppies met aalwyne en doringbosse. In die nag is dit tjoepstil hier, behalwe nou vir krieke, kiewiete en naguiltjies. Ek hou soms van musiek op die agtergrond, veral gelykmatige musiek wat ek baie goed ken, sodat dit op die agtergrond bly. Tipies Philip Glass se klavierstukke, Bach of soms Leonard Cohen.

Praat jy met ander mense oor jou werk terwyl jy daaraan skryf? Soek jy raad en insette op tydens die skryfproses, of eers nadat die eerste weergawe vasgepen is, indien ooit? Ek maak soms op my vrou, Irma du Plessis, se insette staat – sy het formele opleiding in letterkunde-teorie en ek respekteer haar smaak en oordeel. Daar is ook digtersvriende wat soms met kommentaar help.

Is daar ander kunssoorte wat jou (soms) tot skryfwerk, of in die skryfproses, stimuleer? O, absoluut. Benewens musiek, beslis beeldende kunste. Ek sukkel om 'n mooi kunsboek op 'n winkelrak agter te laat. Ek weet als is op die web beskikbaar, maar 'n boek met goeie afdrukke van skilderye kom lê op jou skoot. Hopper, Hockney, Hammershøi … Omdat ek ook meerdere kunsvorme beoefen, is daar soms struwelings oor die tyd wat 'n mens aan elkeen afstaan. Op goeie oomblikke voed die drie mekaar – woord, beeld en klank.

Wat is jou gunstelingboek of 'n onlangse leeshoogtepunt? Ek lees Antjie Krog se *Plunder* – ek is pas terug van 'n blitsbesoek aan Johannesburg om 'n akademiese boek bekend te stel en kon toe 'n draai by die Exclusive Books in Rosebank maak. Afrikaanse digbundels is hoendertande in Oos-Kaapse boekwinkels. As roman, miskien Kazuo Ishiguro se *Klara and the Sun*. Die boek wat ek die meeste keer weer gelees het, is dalk Karel Schoeman se *Afskeid en vertrek*.

As dié boek 'n maaltyd was, wat sou dit wees? Sjoe. *Plunder* miskien *umngqusho* met kaneel. *Klara and the Sun* dalk 'n flessie versteende ansjovis. *Afskeid en vertrek* oesters en 'n glas sjampanje in die Mount Nelson.

Wat is jou gunstelingfliek wat op 'n boek gebaseer is? *The Name of the*

Rose, dink ek. Ek het onlangs weer die boek gelees, maar kan die fliek nêrens wettigs vind nie. Ek sou dit graag weer wou sien.

Skryf jy soms eerste weergawes van jou werk op papier of werk jy direk op die rekenaar? Gereeld eers op papier. Ek het altyd 'n notaboek en pen in my bladsak. Soms, as ek bestuur, hou ek stil om iets neer te skryf.

Lees jy resensies? Gewoonlik eers nadat ek die boek gelees het en wil weet wat mense wat meer belese as ek is daarvan dink. Ek lees nie eers flaptekste voordat ek 'n boek lees nie. Ek haat dit as mense iets van die storie weggee.

Wie is jou gunsteling-fiksionele karakter(s)? Die verteller in Schoeman se *Hierdie lewe*. In my jonger dae, Agaton Sax. Dalk ook Huppelkind – *Plunder* het my aan Huppelkind herinner; dit was so lekker om eers die roerdomp raak te lees en kort daarna plaas Krog die stomme Huppelkind in die middel van 'n dekoloniale kampusdrama.

Waar het jy grootgeword? In Meyerspark, 'n voorstad van Pretoria. In 'n modernistiese huis uit die 1950's waarvan ek die argitektuur eers veel later leer waardeer het.

Speel plekke wat jy besoek of beleef 'n rol in jou skryfwerk? Is daar enige plekke wat jy wil uitsonder? My gedigte, musiek en skilderye handel by uitstek oor landskappe en geskiedenis. Ek dink ek stel belang in die behoefte om aan plekke te behoort en daar tuis te kom. Aanvanklik Pretoria en Johannesburg as twee stiefstede – geografies neffens mekaar, maar in persoonlikheid op twee kontinente geleë. Ek het uiteindelik van daardie twee plekke ontsnap, hoewel Johannesburg steeds vir my soos 'n tweede huis voel. Miskien sal ek daar aftree. Op die oomblik is ek bly om die Oos-Kaap beter te leer ken, veral 'n historiese dorp soos Alice. My grootouers aan vaderskant is van King William's Town (nou Qonce), wat redelik naby aan Alice is. My ouma het Engels by die tegniese skool in Adelaide gegee, so hier is verlangse wortels begrawe.

Het jy 'n vaste roetine en mikpunte vir skryf? Byvoorbeeld, het jy vaste ure wanneer jy skryf, of 'n sekere aantal woorde wat jy per dag skryf? Dit kom en gaan. Musiek en skilder is jaloerse dissiplines en wat skryfwerk betref, is ek beter met tyd inruim vir akademiese publikasies as vir kreatiewe uitsette. Daar is 'n digbundel wat ek waarskynlik vir die uitgewers moet stuur, maar dit pla my nog erg. Ek wonder oor die hele tema wat die bundel onderlê en of ek dit nie moet laat vaar nie. Dalk is ek al mens wat nog oor die kwessie wonder. Ek is in elk geval altyd te vroeg of te laat by 'n partytjie. Ek skuld hierdie bundel egter aan die Jakes Gerwel-stigting, wat my 'n maand se heeltydse skryftyd gegee het om daaraan te werk. Die skuldgevoelens ry my.

As jy nie geskryf het nie, waarmee sou jy graag daardie ure verwyl? Seker skilder en musiek, maar die tipe musiek wat ek maak, is ook talig – die belangrikste deel daarvan is liriek.

Wie is jou gunstelingskrywers? Daar is baie en dit verander soms na gelang van 'n tipe seisoensverandering of lewensfase. As konstante sal daar altyd Schoeman en Ishiguro wees wat romans betref. Miskien ook Julian Barnes. Wat digkuns betref, moet ek nie eens begin opnoem nie, veral nie Afrikaanse digters nie, omdat daar te veel is waarvan ek hou. Laat ek dan maar by Engels bly as goeie koloniale onderdaan: Margaret Atwood kom eerste vir my as dit by aanklank en leesgenot kom. **T**

PEN Afrikaans bestaan ter wille van uitdrukkingsvryheid en die bevordering van die Afrikaanse woordkuns. In die Vinnige vrae-*reeks leer ons telkens een van ons lede van naderby ken.*